

# ANTIPAS HEROUT

"Antipas, My getroue getuie" (Op 2:13)

No.50

~ ~ ~

## ***DIE AANVANG VAN DIE GENADEVERBOND***

***Enkele perspektiewe op Genesis 3:14-21***

**Nico van der Walt**

DAAR IS BESWAARLIK 'N MEER FUNDAMENTELE PARAGRAAF IN DIE BYBEL AS GN 3:14-19. Die sondeval het pas plaasgevind. Nou spel God die gevolge daarvan uit. In die proses praat Hy agtereenvolgens met die *slang* (14-15), met die *vrou* (16), en met die *man* (17-19). In die proses volg Hy die orde waarin hulle gesondig het.

'n Kosmiese drama is besig om hom hier af te speel. Wat God hier afkondig, het geweldige implikasies vir mens en skepping deur die millennia wat sou volg.

Maar terselfdertyd hoor ons ook hier die eerste note van die genadeverbond se wonderskone verlossingsmusiek.

### **GOD SE WOORDE AAN SATAN (GN 3:14-15)**

#### **Is dit 'n slang of die duiwel?**

Vroeër in die hoofstuk praat die slang. En hier word hy aangespreek. Net 'n rasonale wese kan praat; net 'n verantwoordelike wese kan geoordeel word. Dit sê onmiddellik dat ons met meer as 'n slang te doen het. Slang is immers nóg rasonaal, nóg aanspreeklik.

Ons kan nie met dogmatiese sekerheid sê of Satan hier deur 'n slang gesimboliseer word, en of hy die slang beset het om deur hom te werk nie. Dit maak waarskynlik nie werklik saak nie. Maar gewis moet ons die duiwel agter die slang sien.

#### **God se vloek (3:14).**

Die slang het die vrou verlei (2Kor 11:3; 1Tm 2:14) deur haar te oortuig dat die Skepper se opdragte onbelangrik is en goedsikks geïgnoreer kan word. Daarom word hy vervloek. Hy sal op sy pens op die grond seil en stof vreet. Dis die taal van diep vernedering. Teen God en die Here se kinders sal hy nooit 'n finale oorwinning behaal nie. En vir hom bestaan geen vergiffenis en ontkoming van ewige oordeel nie.

#### **Die *protevangeliem*, oftewel die moederbelofte (3:15)**

Hier is die eerste stuk evangelieverkondiging in die Bybel - uit die mond van God self - gerig tot niemand minder nie as die duiwel. Trouens, embrionaal en in beginsel is die ganse evangelie reeds hier teenwoordig.

Beklemtoon in die Hebreeus is die vyandskap en stryd wat voorlê. Die regstel van die sondeval gaan nie maklik en gou-gou wees nie. Dit gaan 'n ontsaglike konflik wees. En ons weet vandag hoe waar dit is en dat dit oor baie eeue sou strek.

Laat ons onthou dat die ware geloofslewe nie 'n ruggraatlose liefde vir alles en almal is nie. Dit



van ons erfenis in Christus dui.

#### **4. Daar is geen twyfel oor die stryd se uiteindelijke uitkoms nie.**

Die Messias het reeds in beginsel die oorwinning oor Satan behaal. En oor die afloop van die stryd is daar geen twyfel nie. 'n Hele aantal uitsprake in die Nuwe Testament beklemtoon dat Christus se oorwinning reeds 2000 jaar gelede die duiwel uit die hemel laat tuimel het. Daarom sê Jesus in Lk 10:17-18 dat Hy die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het (vgl. ook Jh 12:31; 16:11; Hb 2:14; 1Jh 3:8; Op 12:7-17).

Maar nou loop hy soos 'n brullende leeu op die aarde rond (1Pt 5:8) - en vandaar ons stryd.

§ 'n Welbekende illustrasie om die huidige situasie te verduidelik, kom uit die Tweede Wêreldoorlog. Duitse magte het die hele Europa beheer. Op D-dag, 6 Junie 1944, het die geallieerdes egter met 'n magtige poging die Normandiese strande van Frankryk aangeval en weer 'n vastrapplek op Europese bodem verkry. Toe dit gebeur, het oorlogstrateë gewet wie die oorlog gaan wen. Duitsland was finaal op die agtervoet, en dit was net 'n kwessie van tyd voordat sy magte die knie sou moes buig. Wat oorgebly het, was vir alle praktiese doeleindes 'n opruimingsproses. Maar tog het dit nog elf maande geduur voordat die oorlog teen middernag, 8 Mei 1945, verby was.

Net so met Christus se oorlog teen Satan. "D-dag" was twintig eeue gelede. En daar is geen twyfel wie die oorlog gaan wen nie.

Vir ons illustrasie is dit egter van belang dat die bloedigste gevegte van die oorlog destyds tydens daardie laaste elf maande plaasgevind het. Dit was letterlik 'n skoonmaakproses van straatblok tot straatblok, en derduisende het gesneuwel. Maar deurgaans was die geallieerdes op die voorvoet.

Al is ons geestelike stryd dus baie dae só fel dat ons moedeloos wil raak, laat ons ons Oorwinnaarkoning vertrou. Oor die finale uitslag is daar nie twyfel nie!

#### **5. Hierdie verse bevat die sleutel tot 'n tergende geheim.**

Hier vind ons die antwoord op 'n tergende vraag: waarom omhels party mense die evangelie van Christus, terwyl ander dit lewenslank verwerp? Dis immers die mees logiese en sinvolle ding om die Gekruisigde se boodskap te aanvaar en jou heelhartig by die saad van die vrou te skaar.

Dink aan die geïntegreerdheid en konsekwentheid van die boodskap wat handel oor die vrou se Saad - ten spyte daarvan dat die ses-en-sestig boeke waaruit dit bestaan oor 'n millennium en 'n half deur 'n paar dosyn skrywers van uiteenlopende agtergronde geskryf is. Die onderlinge samehang van Ou en Nuwe Verbond is fassinerend, om die minste daarvan te sê.

Dink aan die unieke boodskap waarvoor die vrou se saad staan. Dit druis lynreg in teen alle godsdienste in hierdie wêreld. Al die religieë preek dat ons na God toe moet opklim langs seremoniële en moralistiese lere. Die vrou se Afstammeling leer daarenteen dat God in Sy liefdesgenade reddend na sondaars toe afbuig - mense wat bloot bereid is om hulle nood en afhanklikheid te bely, en hulle volle geloofsvertroue in Hom te stel.

Dink daaraan dat die vervulling van hierdie woorde in Gn 3 die antwoorde verskaf op talle van ons diepste intellektuele en filosofiese raaisels. Daar is sekere fundamentele vrae waarmee ongelowige denkers deur die eeue stoei, wat maklik deur die ongeleerdste lede van die vrou se saad ontrafel kan word - mits hulle natuurlik hierdie woorde glo. Maar, natuurlik, vir die trotse mens is hierdie antwoord te eenvoudig.

Dink daaraan dat die norme van die vrou se Saad tot 'n lewe van sin en wonderlike welsyn lei, terwyl dit soos klokslag op katastrofe uitloop wanneer mense daarvan afwyk. Die Bybelse ordes lei altyd weer tot voorspoed - geestelik, emosioneel, moreel en selfs materieel. Waar is daarenteen die opheffende boodskap van die saad van die slang? Histories staan dit so vas soos die berge: tot die mate wat 'n samelewing die norme van die vrou se Saad navolg, tot daardie mate veredel dit; tot die mate wat daarvan afgewyk word, tot daardie mate tree verval en verrotting in.

En, by verre kosbaarste van alles, die Saad van die vrou bied die allerantwoord op die vraag van alle vrae: hoe kan 'n skepsel regverdig voor sy Maker staan?

Waarom, dus, omhels party mense die evangelie van Christus, terwyl ander dit lewenslank verwerp? *Die antwoord lê daarin dat die mens se sonde sy nageslag so verdorwe gelaat het, dat hulle algeheel blind is vir die mees voor die hand liggende lewenswaarhede en -antwoorde. Dit is daarom nodig vir 'n soewereine wonderwerk wat blinde oë laat sien en verstorwe insigte laat lewe.* Wanneer dit gebeur, skaar sulke begenadigdes hulle sonder meer by die Saad van die vrou, en daarom ook by haar saad.

Maar helaas bly die res van die mense eenvoudig in hulle gevalle staat as deel van Satan se saad. Dit het tot gevolg dat hierdie twee groepe mense vir twee uiteenlopende stelle waardes en lojaliteite lewe. Hulle is net eenvoudig nie op dieselfde golflengte nie. Dít is wat die Bybel in die verse waarna ons

kyk, "vyandskap" noem.

#### **6. Die geskiedenis bevestig die waarheid van hierdie verse.**

Hierdie verse spel die ontwikkeling van God se verlossingsplan deur die eeue merkwaardig akkuraat uit.

Duisende jare later is daar inderdaad 'n Man gebore wat tot die dood toe met Satan geveg het. In die proses is Hy in die hakskeen gebyt, maar dit was juis Sy manier om die duiwel se krag te verbreek. Die dermiljoene wat sedertdien wonderlike vrymaking in Hom leer ken het, is 'n onmiskenbare bewys van die realiteit daarvan. En hoe bevestig ontelbare skares dissipels se heroïese toewyding en hartsverknogtheid aan Hom dit nie!

#### **GOD SE WOORDE AAN DIE VROU (GN 3:16)**

##### **Die smarte van ma-wees.**

Om kinders in die wêreld te bring, is nie 'n grap nie. Nege maande van naarheid en ongemak word gevolg word deur 'n uiters pynlike bevalling. En deur die geslagte - veral voor vandag se mediese gesofistikeerdheid - het tallose vrouens in die proses gesterf.

Maar bes moontlik sinspeel hierdie uitspraak ook op die swaar las van ouer-wees (en as 'n reël ervaar ma's dit pynliker as pa's). Oseane vol trane is al gestort oor kinders wat hulle skeie breek, wat nie die mas opkom nie, wat ná hulle skooldae in die niet verdwyn. Vir wie bid gelowige ouers meer as vir hulle kinders en kleinkinders?

##### **Die magstryd in die huis.**

As v.16 praat van die vrou wat na haar man sal hunker, word dit dikwels verstaan as seksuele- en koesteringsverlange. Maar dis waarskynlik nie die regte vertolking nie. Immers was hiêrdie hunkering sekerlik al teenwoordig voor die sondeval.

In net die volgende hoofstuk (4:7) word presies dieselfde Hebreuse woord gebruik: "begeerte" (OAV). Hiér egter is dit 'n hunkering na oorheersing - die van die sonde oor Kain. Dit lyk dus of God in Sy woorde aan die vrou bedoel dat sy oor haar man sal wil baaspeel. In haar sondegevalle staat sal sy nie kan vrede maak met die ondersteuningsrol wat Hy aan haar in die huwelik toeken nie. Sy sal nie rus of duurte hê voordat sy nie die broek in die huis dra nie.

Maar die man sal oor haar heers. Die Hebreuse woord vereis dit nie, maar dit lyk asof hierdie uitspraak wil sê dat die man haar - desnoods met geweld - onder sy duim sal hou. En is harde manlike dominerings van die vrou nie nog altyd tipies in 'n gevalle wêreld nie?

#### **GOD SE WOORDE AAN DIE MAN (GN 3:7-19)**

##### **Die aarde sal sy kant bring.**

Daar sal kos wees. En tot vandag toe is dit een van die uitstaande karaktertrekke van God se algemene genade, dat Hy laat reën oor dié wat reg doen, en oor dié wat verkeerd doen (Mt 5:45).

##### **Maar dit sal sweet kos.**

Die straf lê nie in die feit dat die mens moet werk nie. Dit was al 'n skeppingsverordening voor die sondeval. Nee, dit lê in die moeite en inspanning waarmee alles gepaard gaan. Vir meeste is dit 'n rugbreek-stryd om die wolf van die deur af weg te hou.

##### **Van stof tot stof.**

Ergste van alles in die mens se bestaan, is die wagtende graf. Die smarte van geliefdes wat heengaan slaan kort-kort op hom toe, en uiteindelik moet ook hy die verskrikking van die fisiese dood aandurf. Afgesien van twee hoogs uitsonderlike wonderwerke, is die mortaliteitskoers van die biljoene mense wat al geleef het eenhonderd persent!

#### **HOEKOM HET SLAGNE NIE VOETE NIE?**

Ongeloofsteoloë voer dikwels aan dat ons hier in Gn 3 'n volkslegende het. Dit sou vertel word om vir kinders te verduidelik waarom slange seil. Maar die eerste verteller van hierdie storie moes dan meer as 'n genie gewees het. Want, ten spyte van ons gesofistikeerde samelewing vandag, oorheers die realiteite en beginsels wat in hierdie paar verse uitgespel word steeds ons elke dag se lewe. Ons almal stoei tot 'n mindere of meerdere mate met die vraagstukke van huwelikspanning, broodvoorsiening, pynverligting,

werksinspanning, kinderopvoeding en die dood!

### **ADAM EN EVA SE GELOOF (Gn 3:20-21; 4:1)**

Onmiddellik na God se woorde, reageer Adam in die geloof op Sy belofte van verlossing. Hy noem sy vrou "Eva" (20). Dit beteken "lewe-gewer". Daarmee bedoel hy dat sy vrou die moeder sou word van die lewendes - dat die Lewegewer uit haar sal voortkom.

~ God aanvaar Adam se geloofshandeling. Dadelik maak Hy vir hulle velklere (21). Daarvoor moes Hy diere slag. Bes moontlik is dit 'n vooruitwysing na die komende offerstelsel, wat weer vooruit gewys het na Christus se groot offer. Die Hebreeuse woord "versoening" beteken immers om te bedek. Hebreërs 9:22: "... sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie."

§ Sonder twyfel impliseer die feit dat hulle offer, sowel as die feit dat dit 'n diere-offer moet wees, reeds 'n sekere kennis oor God se manier van versoening. Sekerlik het Adam en Eva hulle kinders hieroor ingelig. Want die seuns offer. Abel offer met bloed. Hy verstaan; hy glo. Maar Kain is betersweterig; hy offer vrugte. Sy ongelooft en eiewilligheid is die rede waarom sy offer nie aanvaar word nie (4:3-5).

§ Die velklere waarmee God Adam en Eva aantrek, vervang hulle eie poging met vyeblare. Daar is net twee godsdienste in hierdie wêreld: *vyeblaar-godsdienst* wat met goeie werke en seremonies versoening wil doen vir sonde; en *velle-godsdienst* wat staat maak op God se versoeningwerk in Christus alleen. Die mens wil sy eie vyeblare aan mekaar flans. Maar God dring daarop aan dat ons nakend voor Hom kom staan, sodat Hy ons met Sy eie geregtigheid kan beklee.

~ Dat Adam se benaming van Eva 'n baie besliste geloofsbelydenis is, word duidelik as mens dit teenoor die vorige vers stel. In v.19 sê God dat die mens gaan sterf, dat hy weer stof sal word. Maar Adam se reaksie daarop is nie 'n moedelse aanvaarding nie. Nee, as God sê hy gaan sterf, draai hy as 't ware na Eva toe en sê: "Eva, ons gaan lewe!" Adam het duidelik goed na die moederbelofte geluister (15). En die Here berispe hom nie.

~ Hoewel nêrens uitdruklik gesê nie, lyk dit asof ook Eva God se belofte geglo het. Het Hy nie reeds gesê sy gaan die moeder wees van die saad wat teenoor die saad van Satan sal staan nie? En is dit nie haar Saad wat die kop van die slang gaan vermorsel nie?

Genesis 4:1 is interessant. As Eva sê dat sy 'n man in die wêreld gebring het, staan daar letterlik: *ek het 'n man gekry van Jahweh!* Het sy dalk in opgewonde geloofsverwachting gedink dís die seun wat die slang se kop gaan verbrysel - die Messias?

~ Wat 'n ironie! Die man wat vir die sondeval verantwoordelik was, die man na wie die gevalle mensheid vernoem gaan word (die gevalle mensheid in Adam), is die heel eerste persoon wat met geloof en redding begenadig word. En die vrou wat hom verlei het, stap hand aan hand saam met hom die ewige saligheid binne!

*Waarlik, as Adam en Eva gered kon word, kan enigeen gered word!*

~ Hoeveel troos sit daar nie in die eenvoud van Adam se geloof nie! Dis genoeg vir redding. Terwyl 'n ton vals geloof nie kan red nie, is 'n greintjie ware geloof voldoende. Nie groot geloof is nodig nie, maar egte geloof.

§ Ons mag nooit geloof voorhou as ingewikkeld en veeleisend nie. Afgesien daarvan dat dit gewoon nie die waarheid is nie, steek mens dan vir seker ook die grens oor na menslike verdienste. Jy maak van geloof die goeie werk en verdienste wat toelating tot die ewige lewe verleen. En só 'n geloof sal in der ewigheid niemand red nie.

Sekerlik moet ons nie 'n *goedkoop* geloof verkondig nie - asof dit maar in orde is as jy in sonde voortleef. Maar ewemin is *duur* geloof die ware Jakob - asof mens eers gered kan word nadat jy aan 'n klomp voorwaardes voldoen het. Nee, ware geloof is *gratis* geloof - soos mens dit sien in die tollenaar wat saam met die Fariseër gebid het (Lk 18:9-14), en die misdadiger wat aan die kruis langs Jesus gered is (Lk 23:40-43).

Luther het 'n sprekende beeld gebruik om ware geloof te verduidelik: geloof is die ring wat Christus, die diamant, vasgryp. Hoe belangrik is dit nie dat daardie goue kloutjies sterk en stewig vashou

nie! En, let op, as die pas-verloofde meisie by haar vriendinne spog, sê sy nie, "Kyk na my goue band" nie, maar, "Kyk na my diamant!"

§ Dit was nodig dat Adam en Eva maar 'n enkele belofte van die Here glo om gered te word. Maar, let op, hulle het álles geglo wat Hy gesê het. Ons het vandag 'n duisend maal meer openbaring van God ontvang, maar dis steeds nodig om álles te glo wat Hy gesê het. Jy hoef nie 'n gesofistikeerde geloof en baie diep insig te hê nie, maar jy moet in waarheid kan sê: "Al verstaan ek baie van wat die Here in Sy Woord sê nog nie, aanvaar ek in beginsel en kinderlik gelowig alles wat Hy belowe het." Mens kan mos nie sê jy glo God, as jy sekere dinge wat Hy sê oorboord gooi nie! Mens hoef nie te sê iemand lieg áltyd, om hom af te maak as 'n leuenaar nie. Jy beledig hom en skaad sy reputasie deur bloot te sê dat mens hom nie altyd kan vertrou nie.

Onthou, die vraag is nie of jy genóég waarheid glo om gered te word nie. Die vraag is, glo jy Hóm wat belowe het?

~ Soos Adam en Eva, het ook baie van ons onkruid voor ons bekering gesaai. En dikwels bring dit steeds die bitterste vrug voort, vrug waarvan ons ons vandag nie ver genoeg kan distansieer nie. Maar selde kan ons dit ontkom. Dit geld ook vir Adam en Eva. Hulle eersgeborene vermoor sy jonger broer. Kan daar 'n erger hartseer oor ouers kom? Sekerlik was hulle trane nie net die van verlies nie, maar ook die van selfverwy. Wat staan mens in so 'n situasie te doen? Mens moet 'n offer bring wat God innig behaag. Dis die offer van gebroke verootmoediging en voortgaande aanvaarding. Mens moet jou verneder onder God se kragtige hand (1Pt 5:6).

§ In die saligheid hierna sal ons eerste emosie aanbiddingsverwondering wees. Maar in die tweede plek sal ons diepste beleving waarskynlik liefdesdankbaarheid wees. En niemand sal dit meer intens ervaar as Adam en Eva nie. Want wie se sonde het groter ellende veroorsaak? Sê die Bybel nie dat diegene wat die meeste vergewe is die meeste liefhet nie?

~ Ware geloof word altyd getoets - om die egtheid daarvan uit te wys. Adam en Eva se geloof was geen uitsondering nie.

Die eerste ouers se opgewondenheid oor hulle eerste seun het spoedig in groot teleurstelling omgesit. Dit het gou-gou geblyk dat Kain nie die Messias is nie. Wat het van God se belofte geword? Só ontnugter is hulle dat die tweede seun "Abel" genoem word: *leegheid, skyn, verganklikheid*. Hulle geloof wankel. Waar is God?

Nog erger, spoedig vermoor Kain sy broer. Hy vlug en word 'n swerwer. Skielik het Adam en Eva as 't ware geen kinders nie. Wat het van die belofte geword?

Dan raak Eva weer swanger. Hulle noem die seun Set: "herstel". Hulle vertrou vlam weer op.

Die geslagte volg nou een na die ander. Adam beleef dit alles. Agthonderd jaar is 'n lang tyd (Gn 5:4-5). En duidelik ontwikkel daar twee lyne: die saad van Kain (Gn 4:17-18) en die saad van Set (Gn 5:6-18). Algaande blyk hierdie twee lyne die saad van die slang en die saad van die vrou te wees. Want die vyfde geslag na Kain is Lameg, die geweldenaar (Gn 4:23-24). En die vyfde geslag na Set is Henog, die man wat met God wandel en uiteindelik deur die Here na die hemel weggevoer word sonder om te sterf (Gn 5:22-24).

Meestal kom die bevestiging van ons geloof nie oornag nie. *Voorwaar, die geloofsoog moet ver kan kyk!*

## **'N KORT SLOTWOORD**

Jesus Christus is die sentrale tema van die ganse Bybel, en die genadeverbond in die besonder. Reeds hier, reg aan die begin, word Hy sentraal geplaas. En so bly dit. Dis 'n ontwikkelende tema wat uiteindelik in die Nuwe Testament tot glasheldere hoogtepunt kom. Die Ou Testament (of Verbond) is 'n antisiperende vooruitskouing; die Nuwe Testament (of Verbond) 'n beskrywende en vertolkende terugskouing.

*Wie hierdie tema miskyk of misken, mis alles!*



Die doel van **Antipas Herout** is om Bybelse lering in die vorm van kort, bevatlike studiestukke gratis beskikbaar te stel, ten einde begrip van en geloof in die Godgesentreerde beginsels van die Woord so wyd as moontlik te bevorder. Hierdie lewensbelangrike waarhede is kernagtig en uitnemend geformuleer in die groot belydenisskrifte wat ontspring het uit die sestiende-eeuse Reformasie en is gebaseer op die fundamentele geloofsvertrekpunte: *die Skrif alleen, genade alleen, Christus alleen, geloof alleen, die eer van God alleen.*

As u graag die Herout so ongeveer elke 6 weke gratis wil ontvang Ɓ per slakkepos of per e-pos Ɓ stuur u naam, telefoonnommer en tersaaklike adres aan ons verspreidings- en redaksionele kantoor en meld of u dit per slakkepos of e-pos wil ontvang.

**Antipas Herout, Posbus 12371, Queenswood, 0121; T & F : (012) 329 3012**  
**[nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za)**

Al ons lektuur, asook ander inligting, is beskikbaar op ons webwerf  
**<http://www.reformed.org.za>**

#### **UITGEWERS**

##### **Antipas Lektuur**

Posbus 263435, Drie Riviere, 1935  
Tel (016) 428 2429 of (016) 423 3391

Nico van der Walt is 'n gemeentepastor en leraar in Pretoria. Hy onderskryf die histories-gerespekteerde en internasionaal-erkende 1689 Baptiste Belydenis Ɓ soos meeste reformatoriese (gereformeerde) Baptiste oor die wêreld, asook die Belydenisskrif en Kernwaardes van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

Dit staan enigeen vry om die inhoud van hierdie Herout met of sonder erkenning te gebruik. Die skrywer het immers self baie hulp by andere gekry. Hy glo dis 'n suiwer uiteensetting van Skrifopenbaring, en sy hartstog is om die waarheidsevangelie so wyd moontlik te versprei, nie om dit te kniehalter nie.

Indien u waardering het vir die Herout, help ons asseblief om sy boodskap wyer uit te dra. Stel dit aan andere bekend, moedig hulle aan om in te teken, of stuur vir ons name en adresse van mense van wie u glo dat hulle die Herout sal waardeer. Ons stuur met graagte 'n eenmalige bekendstelling aan diesulkes, maar plaas hulle name slegs op ons versendinglys indien hulle self daarom vra.